

RESENSIES

APJ Van Rensburg: Moderne Afrika. De Jager — HAUM, Pretoria, 1983.

Dit is prof Van Rensburg se sewende boek oor Afrika en dien as 'n inleiding tot 'n studie van kontemporêre Afrika. Dit oorvleuel gevolglik in verskillende opsigte met vroeëre werke maar bevat ook heelwat nuwe aspekte. Daar is drie hoofstukke gewy aan 'n kronologiese inleiding tot die geskiedenis van Afrika waarna op 'n aantal temas gekonsentreer word: leierskap, die kulturele lewe van Afrika, staats- en owerheidsvorme, die invloed van die godsdiens en die ekonomiese vraagstukke. In die voorlaaste hoofstuk word die aandag tereg gevestig op die feit dat die verskillende kommunistiese modelle om Afrika te ontwikkel, ten spyte van ontgogeling en mislukkings, steeds vir Afrika 'n sterk aantrekkingskrag het. Hy toon aan waarom dit so is en waarom 'n man soos president Nyerere die afgelope dekade meer geradikaliseer geraak het.

In die slothoofstuk — Afrika se toekoms — word op 'n besondere wyse op die teleurstelling van die rewolusie, die eenheidstrewte te midde van die mislukking van eenheid, die ineenstorting van die veelpartystelsel en die onophoudelike soeke na identiteit, gewys. Die feit dat in hierdie hoofstuk veral, maar in werklikheid in die hele boek, met die begripvolle oë van die historikus na dinge gekyk word, maak van die aanbiedingswyse 'n besondere een. Die styl toon hoedat die historikus met sy omvattende benadering wat die feite in hulle konteks kan plaas, tot 'n verstaan kan kom wat nóg kondonerend, nóg vergewend, nóg veroordelend is.

Onderwysers kan dié werk baie nuttig aanwend om só 'n "historiese verstaan" van dié kontinent, wat deur so min mense werklik verstaan word, te skep. Laat die leerlinge byvoorbeeld die gedeelte oor die skepping van 'n volkskarakter (bladsye 209-214) saamlees met die slothoofstuk. Gee dan vir hulle die opdrag om in die bestek van twee bladsye 'n antwoord te gee op die vraag: Is die politieke probleme van Swart Afrikastate aan die leiers en die mense se onvermoëns en onwilligheid te wyte, of is daar ander faktore wat 'n rol gespeel het?